HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NR 26 VAN 2017

12 Junie 2017

Beste Koorouer / -voog

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike koorsake.

BELANGRIKE KOOROEFENINGE

Ons herinner u aan die finale kooroefeninge voor dat die koortoer wat op die volgende datums en tye plaasvind. Hierdie twee oefeninge is van die allergrootste belang en alle koorlede móét asseblief teenwoordig wees, ook die koorlede wat nie die toer meemaak nie.
Die ***koortoerboekies***, bestelde ***T-hemde*** en ***poncho-reënjasse*** sal ook dan uitgedeel word.

❒	**Saterdag**	**24 Junie**	**08:30 – 11:00**	Ouditorium *(Geen snoepie)*
❒	**Maandag**	**26 Junie**	**17:30 – 21:00**	Ouditorium

KOORTOER

❒ **T-hemde**
Die betaling van die T-hemde (R130) moet asseblief teen Maandag, 26 Junie afgehandel wees.

❒ **Finale Toerreëlings**
Almal het reeds die finale toerreëlings ontvang. Indien daar nog enige vrae of onsekerhede is, skakel asseblief vir Norman.

PROGRAM VIR DIE DERDE KWARTAAL

❒ **Kooroefeninge**

Julie	*Vakansie*	*Vakansie*	*Vakansie*	Dinsdag, 25 *(repetisie & optrede)*
Augustus	Dinsdag, 01	Dinsdag, 08	Dinsdag, 15	Dinsdag, 22

❒ **Optrede – Wits 969 Arts Festival**

Wits bied jaarliks hierdie kunstefees aan met ‘n seleksie van uitstaande produksies wat by die Grahamstad Nasionale Kunstefees aangebied is. Ons is uitgenooi om ons produksie, **Let There Be Music – *A Celebration of World Music,*** tydens vanjaar se fees aan te bied.

Datum	Dinsdag, 25 Julie 2017
Plek	Wits Theatre
Tyd	20:00 – 21:00
Voorlopige reëlings	▪ Ons vertrek om 17:00 per bus vanaf Hoërskool Randburg – netjies in koordrag en skoolbaadjies geklee. Ons sal by die teater repeteer voor die optrede. ▪ Sodra ons finale inligting oor die koste en verkryging van kaartjies het, sal ons laat weet. ▪ Koorlede kan dan direk na afloop van die konsert by Wits Theatre opgelaai word.

❒ **Optrede - GALAKONSERT**

Hierdie konsert is die hoogtepunt en afsluiting van ons koorjaar. Ons verwag asseblief van elke koorlid om ten minste vier kaartjies vir hierdie konsert te verkoop.

Datum	Saterdag, 26 Augustus 2017
Plek	Holy Trinity Church, Wits Kampus, Braamfontein
Gaskunstenaars	UJ Koor

Indien daar enige navrae of probleme is, neem asseblief die vrymoedigheid om met Norman Burger te skakel by normanburger@gmail.com of **083 444 7818.**

Vriendelike groete.

ELSA NEL
KOORVOOG

PIETER BOOYSEN
HOOF